LEES: 1 KONINGS 17:1-24

Uit watter plek kom die 'leef en vertel'?

1. Uit watter plek kom ons leef en vertel?

Uit watter plek kom ons leef en vertel? Getuig – leef en vertel – dis mos die geloofsgewoonte waarop ons vanjaar hier by Wapadrant fokus. Ons wil dit inoefen om getuigende lewens te lei; lewens wat vertel en uitleef wat ons glo. Maar uit watter plek kom hierdie 'leef en vertel'? Kom dit dalk uit nie veel dieper as ons klere nie? Want die kerkraad het nou besluit dat ons vanjaar moet leef en vertel, en ek klim maar op die wa. Dis nog iets wat ons hier by die kerk doen om dit interessant te hou - bietjie momentum aan die gang te hou. En ek koop vir my een van daardie mooi blou T-hemde wat sê dat ons leef en vertel. Maar tog, kom die leef en vertel regtig van dieper as die T-hemp af in my lewe? Dieper as ŉ kerkraadsbesluit?

Een manier om na vanoggend se Skrifgedeelte te kyk, is om te sien dat dít juis die vraag was wat Elia moes antwoord. Elia het die T-hemp gehad, hoor. Sy ma en pa het dit sommer besluit toe hulle vir hom sy naam gegee het. Want Elia se naam beteken: My God is Jahweh. My God is die Here. So hy dra die naam. En dan, later in sy lewe, stuur die Here hom om as profeet te gaan optree. Hy moet nou gaan leef en vertel dat sy God Jahweh is.
Aan die een kant moet Elia na sy eie mense toe gaan. Hy moet gaan vertel dat hulle moet terugdraai en nie meer die afgode ook dien nie, maar net die Here. Aan die anderkant moet hy ook na die wêreld van sy tyd toe gaan. Hy word gestuur buite sy landsgrense en kom by Sarfat aan waar hy met ŉ Fenisiese weduwee te doen kry. Ook dáár moet hy leef en vertel. En dis juis soos ons ook moet leef en vertel, is dit nie. Aan die een kant moet ons teenoor mekaar getuig – mekaar opskerp en aanmoedig, aan die anderkant moet ons in die wêreld waar ons lewe getuig – juis daar waar ons geloof miskien vreemd of snaaks is. Soos Elia is ons geroep om te leef en vertel. En soos aan Elia is die vraag aan ons of die leef en vertel uit ŉ dieper plek as net ons naam – net die T-hemp en die jaartema - kom.

2. Drie episodes

Elia se werk van leef en vertel speel af in drie episodes. In die eerste twee episodes loop alles mooi volgens plan. In die eerste episode moet Elia na Agab, die koning van Israel, toe gaan en gaan sê dat daar ŉ droogte in die land gaan wees. Dit gebeur omdat die mense die

verbond met God vergeet het, en die afgode ook dien. God belowe egter dat Hy vir Elia sal sorg in die droogte, en Hy doen dit ook: Elia kry water uit die spruit Krit, en die kraaie bring vir hom kos.

In die tweede episode sê die Here vir Elia dat hy na die stadjie Sarfat, buite die land se grense, in Fenisië moet gaan. ʼn Weduwee sal daar vir hom sorg. So gesê, so gedaan, en Elia kry die weduwee by die ingang van die stad Sarfat. Die weduwee sê sy het nie vir Elia kos nie, maar Elia sê dat die Here sal sorg. En so gebeur dit ook. Elke dag wat Elia by die weduwee bly is daar genoeg meel en genoeg olie vir die hele huishouding.

Maar dan, aan die begin van die derde episode, lyk dit asof die wiele van hierdie verhaal wil afval. Dit lyk asof dinge nou nie meer volgens plan verloop nie. Die weduwee se seuntjie word siek. En hy word sieker en sieker totdat hy doodgaan. En verder, in hierdie derde episode, is daar geen woord van die Here af nie. In die eerste twee episodes kon Elia maklik sê: dit is wat die Here sê. Maar nou, in die grootste krisis, weet hy skielik nie wat die Here sê nie. En wat moet Elia daarom nou vir die weduwee sê? Hoe sê jy vir iemand wie se kind nou net dood is: toemaar, alles sal regkom. Toemaar, die Here het ʼn plan hiermee. Wat getuig jy nou?

Van haar kant af is die vrou glad nie stil nie. "Kyk wat het jy my aangedoen, man van God! Het jy na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan?" Wat moet Elia nou antwoord? Hoe moet hy nou leef en vertel? Wat maak ons as gelowiges – ons as kerk – wanneer die wêreld, waar ons missionaal wil gaan leef, teen ons draai, en ons saam met God skielik in die beskuldigdebank sit? Daar by jou werkplek, daar by die skool word vir jou gesê jou geloof is juis die probleem. Jou geloof hou jou vasgevang. Dis so outyds. Dit maak dat jy nie die lewe kan geniet nie. Hoe antwoord mens dan, wat sê jy as die leef en vertel net in jou klere sit? Leef en vertel is iets wat iemand anders nou maar besluit het en ek het daarby ingeval. Maar dit sit nie dieper as die T-hemp wat ek dra nie.

3. Here my God, laat die lewe tog terugkom...

Daar, in die huis van die weduwee van Sarfat, kan Elia as't ware nie anders nie, as om die dooie seun vas te hou – teen hom vas te druk. Hy gaan lê bo op hom – drie keer. En dan skeur die smeekgebed uit Hom uit: "Here, my God, laat die lewe tog terugkom in die kind." En so, in hierdie diep krisis situasie, is Elia se hart op die Here gerig. Hy smeek die Here:

help! En is dit nie die enigste plek waaruit leef en vertel regtig kan kom nie, broers en susters? Van waar ons hart op die Here gerig is, biddend, smekend. Here, ons God, laat die lewe tog terugkom. Alleen dan kan ons leef en vertel eg wees. Dan kom dit uit ŉ diep geestelike middelpunt. Daar is nie maklike antwoorde, of klaargemaakte antwoorde nie, maar ek – ons – is oop voor God, gebroke voor God...

Bid jy en ek genoeg in ons lewe, broer en suster? Is jy en ek genoeg met ons nood soos met ŉ dooie kind in ons arms, in ons binnekamer voor die Here? Bid ons as die Here se mense genoeg saam met mekaar vir die nood van die wêreld? Verlede Saterdag was ŉ klompie van ons gemeente se mense by ŉ konferensie waar die nood van die gereformeerde kerke op die agenda was. Hoe kan die stroom van kerke wat al hoe kleiner en kleiner word omgedraai word? Hoe kan kerke wat so verskillend van mekaar is tog saam met mekaar lewe? En wat weer en weer uitgekom het is: ons moet bid. Ons moet met ŉ gebroke hart voor die Here wees. Hande wat oopgesprei is met ons nood, soos ŉ dooie kind wat ons vashou. Here, my God, laat die lewe tog terugkom in die kind. Bid ons genoeg?

En miskien is dit dan juis op daardie diep geestelike plek, die plek van gebrokenheid voor God, waar ons iets sal kan ervaar van hoe dat lewe uit die dood voortkom. Hoe dat dit nodig is om dood te gaan voordat jy kan opstaan. Hoe dat dit ook vir die wêreld en die kultuur daar buite nodig is om te sterf, juis sodat dit werklik kan lewe. Wat moet gebeur is dat ek, en die weduwee van Sarfat, en haar seun, en koning Agab, en die hele wêreld saam met Jesus Christus moet doodgaan, sodat ons saam met Jesus Christus kan opstaan – en wérklik kan lewe. Lewe met ŉ hoofletter L. Geestelik lewe.

Die uiteinde van die verhaal is dat Elia uit die bo-kamer te voorskyn kon kom en vir die weduwee kon sê: kyk, jou seuntjie leef! Jou seuntjie leef. Dit is waaroor dit gaan. En dan lees ons dat die vrou toe vir Elia gesê het: “Nou weet ek dat jy ŉ man van God is, en dat wat die Here deur jou sê die waarheid is.” Uit watter plek kom ons leef en vertel?

AMEN